# Formele letterkunde-onderrig van Afrikaans Huistaal: Die impak van literêre kenmerke van die drama, roman en poësie op die boodskap
**Graad 10-12**

**WAP Ras**
**Department of Basic Education**

**Lenteseminaar**
**vir Afrikaans-onderwysers**
**2015**

**Universiteit van Pretoria**
**Groenkloofkampus**

**18 September 2015**

**Inhoudsopgawe**


| | | |
|---|---|---|
| **1.** | **Inleiding** | **3** |
| **2.** | **Benaderings tot die onderrig van letterkunde** | **4** |
| **3.** | **Voorbeeld 1: Drama: *Op die planke (My Japan)* (Graad 11)** | **5** |
| **4.** | **Voorbeeld 2: Roman: *Droomdelwers* (Graad 11)** | **10** |
| **5.** | **Voorbeeld 3: Poësie: *Verskuns vir Huistaal* (Graad 10)** | **16** |
| **6.** | **Slot** | **23** |
| **Bibliografie** | | **23** |

**Formele letterkunde-onderrig van Afrikaans Huistaal: Die impak van literêre kenmerke van die drama, roman en poësie op die boodskap**
**Graad 10-12**

## 1. Inleiding

Volgens die Afrikaans Huistaal Graad 10-12 Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is dit belangrik dat literêre kenmerke van die poësie, roman en drama en hul konstruksie en impak bestudeer moet word tydens die formele letterkunde-onderrig van Afrikaans Huistaal, Graad 10-12. Dit is egter ewe belangrik vir leerders om te verstaan watter impak hierdie kenmerke het op die boodskap wat die skrywer wil oordra.

Die funksies en ondersteuningsrol van die literêre kenmerke soos die agtergrond en milieu, perspektief, karakterisering, intrige, stemming, toon en konflik word nie deurgaans effektief onderrig om die begrip van die teks te bevorder of die boodskap of tema uit te lig nie. Die tema en boodskap word dus nie altyd in samehang met die verskeie literêre kenmerke onderrig en geassesseer nie, maar in isolasie of glad nie.

Meer klem word op die tema as op die boodskap geplaas tydens onderrig en assessering van die genres. Dit blyk dat die onderskeid tussen tema en boodskap nie baie duidelik is nie.

Die **tema** is die die hoof- / sentrale gedagte of idee van ’n literêre teks. Die tema is die wyse waarop die skrywer idees, gewaarwordings en gevoelens met die lesers deel. Dit kan die vorm van ’n uitgebreide en betekenisvolle visie op die lewe wees. Dit mag direk in die verhaal gegee word of geïmpliseer word.  ’n Teks kan ook meer as een tema hê. Van die temas is soms nie voor die hand liggend of gedetailleerd nie. Temas hou gewoonlik verband met liefde, dood, oorlog of vrede. Dit kan ook ’n eenvoudige begrip soos jaloesie of bedrog wees. In ’n roman kan byvoorbeeld twee belangrike temas, nl. ras en godsdiens uitgelig word. Voorbeelde van algemene temas is: volwassewording, die soeke na identiteit, betekenisvolle lewenservarings soos geboorte, ’n huwelik, die dood, om iets te oorkom, m.a.w. dit is altyd universeel en nie gebonde aan ruimte, tyd, karakter of situasie nie.

Die **boodskap** is die praktiese lewensles(se) (moraliteit) wat die gedig, roman of drama die leser wil leer. Dit is lesse wat die leser ervaring wil laat opdoen wat om te doen of hoe om op te tree of te reageer n.a.v. dit wat in die teks geleer is. Lesers kan dit op hulle eie lewens toepas, sodat hulle in staat sal wees om vrae oor identifikasie, aktualiteit en universaliteit te beantwoord. Voorbeelde van boodskappe is: Betoon

respek teenoor alle mense, moenie moed opgee nie, hou aan om jou droom te volg; diegene in magsposisies raak dikwels korrup, ens.

Hierdie aanbieding sal primêr fokus op die onderrig en assessering van hoe die literêre kenmerke van die poësie, roman en drama die boodskap en tema ondersteun en bevorder. Die voorbeelde waarop gefokus gaan word, is die nuwe Graad 11 drama, *Op die planke (My Japan),* die roman, *Droomdelwers* en ‘n Graad 10 gedig uit die digbundel, *Verskuns vir Huistaal.*

## 2. Benaderings tot die onderrig van letterkunde

Bogenoemde literêre tekste gebruik die proses-, teksgebaseerde en kommunikatiewe benaderings tydens die uiteensetting van die onderrig en assessering van die onderskeie literêre kenmerke.

Gedurende die lees van bogenoemde literêre tekste fokus die **prosesbenadering** op die volgende stappe, naamlik pre-lees, lees en post-lees. ***Pre-lees*** stel leerders aan die outeur en tekskenmerke bekend. Dit aktiveer assosiasies en vorige kennis. ***Lees*** verwys na die verstaan van die teks en om nadere aandag te skenk aan die literêre kenmerke daarvan. **Post-lees** stel leerders in staat om die teks as geheel te beskou en daarop te reageer deur vrae te beantwoord.

Die **teksgebaseerde benadering** sluit die luister, praat, kyk na, lees en ontleding van tekste in om te verstaan hoe dit saamgestel is en watter effek dit het. Deur hierdie kritiese interaksie ontwikkel leerders die vermoë om tekste te evalueer. Dit gaan nie oor die onderrig van die regte antwoord nie. Nie net dele nie, maar die teks in sy geheel word bestudeer. Dit behels interpretasie, kreatiewe en persoonlike belewing en die ondersoek daarvan. Hierdie ondersoek beteken dat die funksie en betekenis van die literêre kenmerke van die genres geassesseer word binne ‘n teksgebaseerde benadering. Leerders word die geleentheid gebied om hulle eie interpretasies en idees oor die literêre tekste te doen

Die **kommunikatiewe benadering** in die tekste stel die leerder bloot aan ‘n ryke teikentaal. Om dit te bereik word aan leerders vele geleenthede gebied om taal te gebruik en te oefen. Leerders word ook die geleentheid gebied om baie te lees en te skryf. Die kreatiewe skryfaktiwiteite in hierdie tekste is gerig op ‘n deeglike begrip van die voorgeskrewe literêre werke en sal die onderrig van die vaardighede lees, skryf en taalgebruik bevorder en leerders in staat stel om die genres beter te waardeer.

## 3. Voorbeeld 1: Drama: *Op die planke* (*My Japan)* (Graad 11)

Tydens pre-lees in die onderrig van die drama, *Op die Planke (My Japan),* word die biografie van die outeur, Schalk Schoombie, die kenmerke van die drama, agtergrondskennis, die bespreking van die drama vir toneel 1-12 en die literêre bespreking verskaf.


Tydens die literêre bespreking word een sentrale universele **tema** uitgewys, naamlik: '*n Tragedie kan 'n geweldige invloed op 'n gesin uitoefen en kan gelukkige gesinslede van mekaar losskeur.*

| |
|---|
| Die boetie, Danie, se dood veroorsaak konflik tussen ma (Mercia) en dogter (Ilse). Ilse ervaar skuldgevoelens omdat sy nie na haar boetie gekyk het nie. |

Die volgende spesifieke aktuele **boodskappe** of lewenslesse vloei hieruit voort: Onverwerkte trauma kan sielkundige letsels veroorsaak.

- Deur 'n verbeeldingswêreld te skep kan 'n mens ontsnap van die werklikheid.
- Groepsdruk moet nie kinders laat onderkry nie.
- Elkeen mag maar anders doen en dink as die normale.
- Respekteer ander wat nie soos jy dink nie, want elkeen mag sy /haar eie siening hê.
- Stereotipering van mense is gevaarlik en tipering moet vermy word.
- Daar is niks verkeerd om te reis en jou horisonne te verbreed deur ander kulture te leer ken nie.

Die volgende literêre kenmerke van die drama oefen 'n invloed op die boodskappe en temas uit en sal begrip van die teks bevorder:




Hoe dra sommige van die volgende verskillende literêre kenmerke van dié drama by tot die versterking/ ondersteuning van die boodskap en tema?

**Karakterisering**

Die hoofkarakters se innerlike en uiterlike waarneembare karaktereienskappe en optredes in krisissituasies ondergaan verandering en ontwikkeling vind plaas wat geloofwaardigheid aan die tema en boodskap verleen.

| |
|---|
| Aanvanklik toon Ilse as die sentrale karakter skuldgevoelens oor haar broer se dood en kom sy in opstand teen haar ma. Om te ontvlug van die skuldgevoel skep sy vir haar ‘n Japannese verbeeldingswêreld en probeer sy ook daarvan te ontsnap deur ‘n storie te skryf. Namate verwerk sy die skuldgevoelens en woede en besef dan dat sy nie verantwoordelik gehou kan word vir sy dood nie. As protagonis ontwikkel sy as tiener tot ‘n jong volwassene wat insig in haar probleme kry, dit verwerk en haar eie identiteit ontdek. Haar verhouding met haar ma versterk en sy besef haar Japannese |

verbeeldingswêreld is nie werklikheid nie.
Die ma kon aanvanklik nie die tragedie van haar seun se dood verwerk nie en beland in ‘n inrigting. As antagonis koester Ilse se ma te hoë verwagtinge van haar en wil nie dat sy haar drome uitleef nie. Gevolglik begin Ilse daarteen rebelleer. Die ma verwerk egter die tragedie van haar se seun se dood en besef sy dat sy nog ‘n dogter het en haar ook kan verloor. Die ma raak weer verdraagsaam en toon begrip vir haar dogter se drome en laat haar toe om haarself uit te leef.

Uiterlike konflik word tussen ma en dogter waargeneem waar hulle argumenteer en kwetsende woorde uiter. ‘n Innerlike stryd word uitgebeeld met die konflik wat Ilse oor haar skuldgevoelens ervaar. Haar ma is in stryd met haar eie onverwerkte gevoelens oor haar seun se dood.

**Milieu**

Verskillende ruimtes en tye word geskep wat die tema en boodskap en karakters ondersteun.
Die tragedie vind plaas in Ilse se huis.
Die skool waar groepsdruk uitgeoefen word.
Japan waarheen Ilse ontvlug in haar verbeeldingswêreld.
Die werklike Japan waar die Tsoenami plaasgevind het.

Baie tydspronge en tydwisseling dra by tot die geloofwaardigheid van die boodskappe en tema. Die verlede en hede is nou verweef.

**Intrige en subintrige**

Die storielyne word in die verhaal aangetref wat die boodskappe en temas ondersteun. Intrige is die onderlinge verband tussen die hoofgebeure in die teks; dit het met meer as net die reeks van gebeure te doen. Dit veronderstel ŉ patroon van die verhouding tussen gebeure en intrige. Die subintrige is die afname in die aksie wat parallel loop met die hoofintrige van die drama.

Die krisisse wat Ilse, die hoofkarakter, beleef vorm die intrige in die verhaal. Sy toon onverwerkte skuldgevoelens weens haar broer se verdrinking.
Die subintrige fokus op die Japanese volksverhale en Ilse se verbeeldingswêreld.

**Toon en stemming**

Toon is die skrywer se houding teenoor die leser, die tema, boodskap of karakters. Sy woordkeuse openbaar sy perspektief/opinie, dit is of hy positief of negatief oor ‘n onderwerp, tema of boodskap is.

Stemming is die atmosfeer en emosie in geskrewe tekste; dit dui op die gevoel of die gemoedstoestand van die karakters; dit verwys ook na die atmosfeer wat teweeggebring word deur die visuele. Stemming word geskep deur die agtergrond, karakters en hul handelinge, woorde wat stemming aandui kan of positief of negatief wees.

| |
|---|
| Die donderweer aan die begin van die drama skep dadelik ‘n onheilspellende toon wat dui op die tragedie.<br>Die gevoelsboodskap van die skrywer is eers negatief en raak teen die einde positief.<br>Die toon verander van toneel na toneel. Sodra Ilse haar verbeeldingswêreld in Japan betree, word die toon kalm en sodra in die werklikheid, by haar huis, word dit rusteloos.<br>Ilse is uitdagend en woedend, maar raak kalm en straal dan selfstandigheid uit.<br>Die ma is gespanne, beangs en onseker, maar raak positief en voel later in beheer. |

**Toneelaanwysings / newe-/subteks**

Die instruksies wat ingevoeg word by die drama om toneelbewegings, bewegings of produksievereistes aan te toon ondersteun ook die boodskap en tema.

| |
|---|
| Die toneelaanwysings dui aan dat die ma se gesig vertrek is. Die ophang van wasgoed aan die wasgoedlyn kry later in die drama ‘n simboliese betekenis. Wasgoedwas in die openbaar dui daarop dat interne huislike sake uitgelap word. Al die karakters was ook hul vuil wasgoed in die openbaar. Die gehoor raak so bewus van die gesinsverbrokkeling. Die wasgoed wat verwyder is, simboliseer die ma se smart wat besig is om te verdwyn en dui op haar rehabilitasie.<br>Ilse hang haar Kimono op. Dit beteken dat sy nie meer ‘n Japannees is nie. Haar ma se optrede deur haar deftige klere op te hang, wys ook dat sy voortaan net ‘n ma wil wees en nie net ‘n beroepsvrou nie. |

**Dialoog**

Die gesprek in die drama bou die tema en boodskap uit. Die karakter openbaar sy denke aan die gehoor, maar nie die medespelers nie.

| |
|---|
| Deur die gesprekke wat deur die tieners in tienertaal gevoer word, word die innerlike van Ilse en die denke van ander karakters oor haar geopenbaar. Die dialoog en die handelinge vind aansluiting by mekaar om sodoende die tema en boodskap ten volle te ondersteun. |

**Tydsverloop** (chronologies, terugflitse, tydspronge)

Dit is die chronologiese of opeenvolging van gebeure.

| |
|---|
| Die tydsverloop is fragmentaries en daar is ‘n wisselwerking tussen die hede en verlede. Die hede en verlede is vervleg in Ilse se verbeeldingsvlugte. Die fragmentariese tydsverloop dui ook op die gebroke gesinsverhouding. |

**Assessering**

Tydens post-lees word kontekstuele en literêre opsteltipe vrae bespreek.
Wenke om die kontekstuele en literêre opsteltipe vrae te doen word bespreek en voorbeelde daarvan word gegee. Die teks waarop die kontekstuele vrae gebaseer is, word verskaf. Die teks is egter net ‘n aanduiding en die uitgebreide antwoorde moet ook in die geheel van die teks gevind word.

Die volgende kontekstuele vrae en antwoorde dra by tot die verstaan van die tema en boodskappe:

**Toon**
Watter soort gevoel / atmosfeer word in die begin van die toneelaanwysings geskep? Verduidelik die rol wat dit in die drama speel.
*Die donderweer wat rammel het ‘n onheilspellende toon en dui op die tragedie wat gaan plaasvind.*

**Stemming**
Watter emosie kan aan die rooi pilletjie geheg word? Verduidelik waarvan hier sprake is.
*Woede. Die tragiese gebeure van Ilse se broer se dood is nog nie verwerk nie en sy reageer met woede daarop.*

**Karakterisering**
Wie is die protagonis en antagonis in die drama? Verduidelik.
*Ilse is die protagonis . Al die gebeure draai rondom haar en is daar om haar te belig. Haar ma, Mercia, is die antagonis. Sy staan teenoor Ilse en die konflik tussen die twee vorm die kern van die drama.*

**Toneelaanwysings**
In die toneelaanwysings word daar na die wasgoed wat wapper aan die wasgoeddraad, verwys. Watter funksie vervul die wasgoeddraad?
*Skadufigure word daarop geprojekteer, die karakters hang hul maskers (vals identiteite) daaraan op.*

**Simbool**
Waarvan is Japan 'n simbool?
*Dit is die simbool van Ilse se ontvlugtingswêreld.*
Wat simboliseer die rooi pilletjie?
Die ma, Mercia, sowel as haar dogter, Ilse, het onverwerkte gevoelens oor die broertjie se dood en beide ervaar woede.

**Wat vereis die kurrikulum (KABV) vir die onderrig van die literêre opstel?**

Die KABV (bl. 35) gee die volgende inligting oor 'n literêre opstel:

*In hierdie opstelle reageer 'n skrywer (1) vertolkend, (2) evaluerend, (3) nadenkend en (4) selfs persoonlik op 'n literêre teks. (5) Argumente word aangebied en (5.1) ondersteun of (5.2)geïllustreer deur na die teks te verwys; (6) die taal van die teks kan ondersoek word en daar kan aangetoon word dat dit spesifieke taalwetenskaplike of letterkundige waarde het. Die (7) styl is formeel, maar nie oordrewe objektief nie. 'n Persoonlike respons kan in sommige opstelle gevra word.*

In 'n literêre opstel word, bv. die intrige van die roman/drama vertolk (uitlê, verduidelik) geëvalueer (waardeer), daaroor nagedink en persoonlik daarop gereageer.

Dit word gedoen deur **argumente** uit die roman/drama **te gebruik** en die argument te **ondersteun uit die roman/drama** en dit dan met **voorbeelde te illustreer.**

**4. Voorbeeld 2: Roman: *Droomdelwers* (Graad11)**

Tydens pre-lees in die onderrig van die roman, *Droomdelwers,* word die biografie van die outeur, Esta Steyn, die kenmerke van die roman, en die literêre bespreking verskaf.

Tydens die literêre bespreking word 'n sentrale universele **tema** uitgewys, naamlik: *Hebsug en Geldgierigheid kan 'n verwoestende effek hê.*

| |
|---|
| Dit is die stryd tussen arm en ryk om besit van Vlaktevlei. Die Redelinghuyse is vasberade om 'n bruin gemeenskap die bestaansreg van hul grond te ontsê ten einde |

hul eie hebsugtige geldmaakdroom en selfsugtige belange te bevorder. Gierigheid veroorsaak konflik tussen ‘n ryk, wit familie en ‘n beskeie bruin gemeenskap.


Ander universele temas is ook belangrik in die roman. Dit is temas soos:

- liefde,
- waarheid teenoor leuens,
- reg teenoor verkeerd,
- gesinsgeweld,
- die belangrikheid van harmonieuse gesinsverhoudings en
- korrupsie.

Die volgende boodskappe van die storie is baie aktueel:

- Leer ander mense en kulture ken om inskiklik, meelewend en mensliewend op te tree (Ubuntu);
- Protes teen ongeregtigheid bring uitkoms; en
- Vergifnis sal jou uiteindelik vrymaak en vrywording of berusting bring.

Die volgende literêre kenmerke van die roman oefen ‘n invloed op die boodskappe en temas uit en sal begrip van die teks bevorder:




Hoe dra sommige van die volgende verskillende literêre kenmerke van dié roman by tot die versterking/ ondersteuning van die boodskappe en temas?

**Intrige en subintrige / spanningslyn**

Verskeie storielyne word in die verhaal aangetref wat die boodskappe en temas ondersteun.

| |
|---|
| **Intrige:**<br>Leendra soek na die waarheid oor haar ouers se dood en streef na die bevryding wat vergifnis mag bring. Haar aankoms op Soutmansdal skep oombliklik spanning met die gegewe dat sy in die tronk was. Die spanning neem toe totdat Sielie besef wie hul ouers vermoor het. |

**Subintriges:**
Die liefdesdriehoeke van Leendra, Ferdinand en Patricia asook van Gerald, Jamaina en Rebekka. Spanning ontstaan ook vanaf Samuel se aankoms tot by die hoogtepunt van sy troue met Leendra. Phil erken dat hy haar ouers vermoor het en pleeg selfmoord. Sy vind bevryding van haar wraaklus.
Gerald keer terug na sy gesin.
Die Vlaktevleiers verset hul teen gedwonge verskuiwing.
Die ryk Redelinghuyse manipuleer almal weens hul geldmag, maar weens protesoptredes leer hulle die Vlaktevleiers ken.
Die Vlaktevleiers kry nuwe huise en werksgeleenthede.
Gilbert Redelinghuys bieg oor sy valse getuienis.
Sielie vind liefde en oorkom haar spraakgebrek.

**Karakter en karakterontwikkeling**

Die hoofkarakters se innerlike en uiterlike waarneembare karaktereienskappe en optredes in krisissituasies ondergaan verandering en ontwikkeling vind plaas wat geloofwaardigheid aan die tema en boodskap verleen.

Verskeie karakters uit die twee gemeenskappe, plus die inkommers, fokaliseer. Daar is moorde, dreigende onteiening en ontwrigting, en die skelmstreke van vele.
Leendra is die protagonis wat groei vanaf ‘n naïewe, jonger meisie tot ‘n behoedsame, siniese vrou wat bevryding vind van haar wraaklus.
Gerald, die pastoor is vasgevang in ‘n liefdesdriehoek en voer ‘n sielestryd, maar keer terug na sy gesin.

**Innerlike en uiterlike konflik**

Karakters ervaar botsende begeertes en emosies en veroorsaak innerlike of interne konflik. Sodra ‘n karakter met ander karakters of sy omgewing in stryd tree word dit eksterne of uiterlike konflik genoem. Die konflik in die verhaal dra by tot die versterking/ ondersteuning van die boodskap.

Die Redelinghuyse se bose plan is om die mense van die nederige maar gelukkige gemeenskap van Vlaktevlei te ontwortel en na Dwarsmansdal te laat verskuif. Dit veroorsaak uiterlike konflik en opstand in dié gebied.
Gerald voer ‘n innerlike stryd as gevolg van sy liefdesdriehoek.
Leendra ervaar botsende gevoelens jeens Samuel wat dikwels lei tot die oorsaak van uiterlike konflik.
Eksterne konflik vind plaas tussen Leendra en die Redelinghuyse nadat hul teen haar getuig het en haar in die tronk laat beland het.

**Rol van die verteller / perspektief**

Die rol van die outeur verskil van dié verteller. Die outeur kies die tema en boodskap, bepaal die struktuur en die storielyn en dui die perspektief en die styl aan. Die verteller kom dan aan die woord.

Die *derdepersoonsverteller* vertel in die teenwoordigheidsvorm chronologies die verhaal vanaf Leendra se aankoms op Soutmansdal.
Die *eerstepersoonsverteller*, Keppies Killian, oorbrug die episodiese tydspronge in die verhaal. Hy gebruik Weskusafrikaans en omdat hy ‘n ou inwoner van Vlaktevlei is, kan hy persoonlike interpretasie en vooraf-gebeure meedeel in verledetydsvorm. Hy vertel ook dit oor wat hy van ander karakters gehoor het.

**Agtergrond en milieu en invloed daarvan op karakter en tema**

Die agtergrond en milieu van die roman fokus op die tyd en plek waarteen die gebeure afspeel.

Die agtergrond en milieu is duidelik afgebaken en skep ‘n geloofwaardige konteks waarin die karakters, temas en boodskappe ondersteun word. Die volgende plekke word onderskei:

- Soutmansdal (fiktiewe dorpie aan die Weskus: poskantoor, slaghuis, algemene handelaar, banktak, kafee) ;
- Vlaktevlei (Bruin nedersetting: kerkie met pastorie, viermanskool);
- Soutmans Hotel; Cape Town Station (buite Soutmansdal geleé);
- Soutpanne
- Silwerkruisgevangenis;
- Weskus.

Dit is die jaar 2005, waar selfone, minirokkies en viertrekbakkies aan die orde van die dag is.

**Toon en stemming**

Toon is die skrywer se houding teenoor die leser, die tema, boodskap of karakters. Sy woordkeuse openbaar sy perspektief/opinie, dit is of hy positief of negatief oor ‘n onderwerp, tema of boodskap is. Dit is belangrik om die skrywer se toon te bepaal. Indien dit misverstaan word, mag die boodskap verkeerdelik geïnterpreteer word.

Stemming is die atmosfeer en emosie in geskrewe tekste; dit dui op die gevoel of die gemoedstoestand van die karakters.

Leendra se oë word met die ‘groen verdriet’ graniet vergelyk waar tekens van traanspore waarneembaar is – dit impliseer dat as jy verby Leendra se harde oë kyk jy die hartseer daarin sal sien.
*Die stootskrapers het oppie oop stuk veld agter die skool begin brul.* Hierdie metafoor beeld die woede uit. Soos ‘n woedende of gekweste dier brul die stootskrapers.

**Tydsverloop (chronologies, terugflitse, tydspronge)**

Dit is die chronologiese of opeenvolging van gebeure. Tyd kan ook a-chronologies wees.

Die Vlaktevleiers leef al nege-en negentig jaar op die geleende huurpaggrond van die Redelinghuyse. Die tydperk verstryk aanstons en dan moet almal ‘n nuwe heenkome vind.

Die verteltyd span oor 216 bladsye en is meestal in die teenwoordige tyd en soms met die tydspronge en terugflitse in die verledetydsvorm.

Die vertelde tyd ontstaan tydens Leendra se aankoms op Soutmansdal in 2005 en sluit af met die verhuising van die Vlaktevleiers en die mynaktiwiteite in Vlaktevlei. Dit is waarskynlik een tot twee maande, gedurende Augustus.

**Assessering**

Tydens post-lees word kontekstuele en literêre opsteltipe vrae bespreek.
Wenke om die kontekstuele en literêre opsteltipe vrae te doen word bespreek en voorbeelde daarvan word gegee. Die teks waarop die kontekstuele vrae gebaseer is, word verskaf. Die teks is egter net ‘n aanduiding en die uitgebreide antwoorde moet ook in die geheel van die teks gevind word.

Die volgende kontekstuele vrae en antwoorde dra by tot die verstaan van die tema en boodskappe:

**Karakter**

Leendra het vroeër gesê sy sal nie vry wees voordat sy kan vergewe nie. Hoe weet jy dat sy uiteindelik daardie punt bereik het? (Teks: Hoofstuk 13)
*Sy het blomme op die plek waar Phil gesterf het, geplaas en gekniel.*

Opsteltipe vrae

- Skryf ‘n opstel waarin jy die drie duidelike fases in Leendra se lewe verduidelik.

*Leendra van Helberg se lewe voor sy tronk toe is, m.a.w. waar sy saam met haar ouers en suster in Kleinkloof gewoon het. Sy werk eers in die mynkantoor, daarna by Ontvangs in die Soutmans Hotel. Haar ouers sterf in ’n gasontploffing. Sy skiet per ongeluk Ferdinand dood en sy word tronkstraf van 10 jaar opgelê.*

*Beeld haar lewe in die Silwerkruis-gevangenis en haar woede, haat en drang na vergelding uit.*

*Na 7 jaar in die gevangenis kry sy amnestie en gaan woon by haar ma se broer, Phil. Phil is suinig en kil teenoor haar. Sy ervaar stigmatisering. Sy doen in haar 27 jaar baie lewenservaring op.*

- Konflik veroorsaak spanning soos byvoorbeeld die liefdesdriehoek tussen Gerald en die twee vrouens in sy lewe.

*Skets die eksterne en interne gevolge*

## 5. Voorbeeld 3: Poësie: *Verskuns vir Huistaal* (Graad 10)

Tydens pre-lees in die onderrig van die gedig, *Ek is oek important*, word die biografie van die digter, Peter Snyders, die inleiding en woordverklarings verskaf.


Tydens die literêre bespreking word ‘n sentrale universele **tema** uitgewys, naamlik: *Ons leef saam (Ubuntu) – omgewingsbewustheid om besoedeling te voorkom*

| |
|---|
| In ‘n minder ernstige toon dig die digter oor ‘n ernstige maatskaplike probleem, naamlik rommelstrooi. |

Die boodskappe of lewenslesse van die gedig is baie aktueel en geslaagd.

- Raak bewus daarvan om skoon en netjies te lewe.
- Gee om vir jou omgewing.
- Moenie rommel strooi nie.
- Moenie die werk van die gewone arbeider gering skat nie.

Die volgende literêre kenmerke van poësie ondersteun die boodskap of tema:




Hoe ondersteun sommige van die volgende literêre kenmerke van dié gedig die tema en boodskappe?

**Taalgebruik / Woordkeuse**

Digters gebruik veral woorde wat met betekenis gelaai / betekenisvol is. Hulle gebruik die denotatiewe betekenis van 'n woord. Daarmee word die geïmpliseerde betekenis van 'n woord, versreël of sin belangrik. Hulle skep ook sekere suggesties met die woorde wat hulle gebruik. Die woorde dra betekenis oor, skets ’n karakter, impliseer houdings, **identifiseer temas en boodskappe** en suggereer waardes.

Al die vuilis wat mense so rondstrooi, word deur die verteller in informele Kaapse Afrikaans opgenoem. Die gedig bestaan uit een saamgestelde sin. Die woord

‘geldgatte’ word ironies gebruik en dui eintlik op ‘brekgatte’ en nie soseer op ryk mense nie.

**Tipografie**

Die opstapeling van gebeure in versreëls 3-13 sluit aan by die opstapeling van rommel. Die gebruik van die voegwoord ’en’ in hierdie versreëls en in versreël 17 verbind al die soorte rommel wat verstrooi is en beklemtoon hoe vol verwyt en woedend die straatveër is. Die voegwoord ‘en’ ondersteun die gedagte van opeenhoping (dit word tipografies mooi uitgebeeld waar versreëls 11-14 ingekeep is). In versreël 15 lyk dit asof die letters en woorde soos die rommel uitgestrooi is. Daar is spasies oop tussen die letters en woorde.

**Humor**

Die beskrywing van rykes as ‘geldgatte’ en ‘bustikkets’ wat soos ‘confetti gestrooi’ is, dui op die verteller se humor. Hiermee gee hy op ironiese wyse uiting aan sy woede en verontwaardiging oor onopgevoede mense wat nie omgee waar en hoe hulle rommel strooi nie.

**Assessering**

Die volgende kontekstuele en literêre opstelvrae lei tot die uitbouing van die begrip van die tema en boodskappe:

Hoe verskil die spreker van die ‘geldgatte’ in strofe 1?
*Hy moet opruim waar hulle die rommel rondstoot.*
Tot watter gevolgtrekking kom die straatveër aan die einde van die gedig?
*Dat hy net so belangrik as die rommelstrooiers is, want hy het ‘n belangrike taak om uit te voer.*
Waarom dink, jy gooi mense hulle vuilis op straat om dit vir ander persone sleg te maak?
*Moontlike antwoord van leerders: Baie mense is nie omgewingsbewus nie / word nie opgevoed om netjies en skoon te lewe nie.*

Literêre opstel
Die spreker in die gedig gebruik tipografie, humor en taalgebruik om sy boodskap aan die leser oor te dra. Bespreek die stelling in ‘n opstel (150-200 woorde).
*Rommelstrooi, as maatskaplike probleem, word deur die tipografie, humor en taalgebruik in die gedig ingespan om boodskappe aan die leser oor te dra.*

*Die gedig bestaan uit een saamgestelde sin. Die spreker* verwyt die besoedelaars.

*Die voegwoord 'en' ondersteun die gedagte van opeenhoping (dit word tipografies mooi uitgebeeld waar versreëls 11-14 ingekeep is). In versreël 15 lyk dit asof die letters en woorde soos die rommel uitgestrooi is. Daar is spasies oop tussen die letters en woorde.*

*Al die dinge wat mense so rondstrooi, word deur die verteller in informele Kaapse Afrikaans opgenoem. Die gedig bestaan uit een saamgestelde sin. Die woord 'geldgatte word ironies gebruik en dui eintlik op 'brekgatte' en nie soseer op ryk mense nie. Dit dui op die verteller se humor. Hiermee gee hy op ironiese wyse uiting aan sy woede en verontwaardiging oor onopgevoede mense wat nie omgee waar en hoe hulle vuilis strooi nie.*

**Wenke aan leerders: Poësie**

**Stappe vir die lees van tekste**

*Pre-lees:* Neem deel aan die aktiwiteite / inligting wat die onderwyser gee om die gedig vir jou verstaanbaar te maak. Die volgende inligting is belangrik:

- Agtergrond van die digter
- Inligting oor die periode (konteks) / kultuur-/ sosiale-/ politieke groep vir wie die gedig geskryf is.
- Die soort en kenmerke van die gedig: sonnet,vrye vers, idille, ballade, konkrete poësie, elegie, epiese gedig, limerieke, Haikoe, ens.
- Die betekenis van sleutelwoorde en frases binne konteks.
- Die kenmerke van die gedig deur middel van vluglees, bv. titel, lettergrootte, tipografie, illustrasies
- Die inligting wat deur vluglees en aandagtige lees vir woord-, sins-, paragraaf- en teksbegrip verkry is, word toegepas.
- Die inligting wat deur sinspeling in die gedig gegee word – word daar na historiese figure, bekende figure, feite, plekke, gebeure, literêre werke en kunswerke verwys. Hoe dra hierdie aspekte by tot die betekenis van die gedig? Is die gebruik van die inligting funksioneel?

*Tydens lees*

Hierdie sluit in dat daar na die onderwyser geluister word wat die gedig lees en dan word die gedig deur jou gelees: Die doel van dié lees is om:

- betekenis te skep.

- die betekenis van woorde af te lei.
- ander metodes te gebruik soos om verbande te lê, herlees van belangrike versreëls, vra en beantwoording van vrae, visualisering, afleiding, lees vir hoofgedagtes, aandag te gee aan woordkeuse, figuurlike gebruik van taal in versreëls en die gedig, die keuse van beelde, tempo, ritme en klank, emosionele gevoelens.
- hoof en ondersteunende gedagtes op te som.

*Post lees:* Dit sluit die volgende in:
Reageer op die gedig in geheel deur vrae soos die volgende te beantwoord:

- Wat word gesê?
- Hoe weet jy wat gesê word?
- Wat is jou gevoel oor versreël ... ?
- Wat is die digter se gevoel ... /Motiveer jou antwoord deur te verwys na ...
- Wat is die digter se standpunt ... / Motiveer jou antwoord.
- Wat is jou indrukke van ... ?
- Watter beeld visualiseer jy ... ?
- Wat wil strofe ... vir jou sê/ Watter boodskap wil elke strofe … aan jou oordra?
- Wat is die letterlike betekenis (denotasie) van die versreëls, sin, woord. As jy die betekenis van die woorde nie kan aflei nie kan jy dit in 'n woordeboek opsoek.
- Is daar enige vaste patrone ...?
- Is daar enige woorde wat herhaal word? Merk of kleur die woorde in.
- Is daar enige progressie in ... ?
- Verstaan jy die figuurlike gebruik / geïmpliseerde betekenis / konnotasie van die woord in versreël ... ?
- Wie is die spreker in die gedig?
- Wat is die spreker se houding teenoor ... ?
- Wat is die toon (emosionele boodskap) en stemming (atmosfeer/gevoel/emosie) van die gedig? Motiveer jou antwoord deur ... gee / dui die woorde aan wat toon / stemming in die gedig skep.
- Wat is die tema en boodskap?
- Wat wil die digter vir ons in die gedig sê?
- Skryf die tema in ’n volsin neer / som die tema van die gedig in een sin op.
- Benoem die woorde wat op beeldgebruik dui.
- Wat is die hoogtepunte / ontwikkelende moment / klimaks in die gedig?
- Bestudeer die bou van die gedig. Hoekom is die gedig ’n sonnet/vrye vers?
- Gee / skryf / dui die volgende aan: alliterasie, assonansie, rym, ritme, onomatopee.

- Bestudeer die kohesie / samestelling van die gedig en bepaal of dit vloei. Is die gedig ’n eenheid? Is daar ’n vloei van gedagtes in die gedig? Identifiseer skakels soos aaneenskakelende woorde en of beelde. Sluit die begin en die einde van die gedig by mekaar aan?

**Assessering**

**Hoe om vrae oor ’n gedig aan te pak?**

- Kyk wie is die DIGTER. Wanneer het sy/hy geleef? Watter temas het hy/sy in sy/haar oeuvre aangespreek ?
- Bestudeer DIE TITEL van die gedig, die betekenis van die titel in verhouding tot die betekenis van die gedig.
- Lees die gedig en probeer om die TEMA/BOODSKAP te bepaal.
    - o Temas is idees waaroor die digter baie sterk voel. Dit word beïnvloed deur sy/haar lewens en wêreldbeskouing. Dit word gewoonlik in die openingsreëls van die gedig aangespreek.
    - o Van die mees algemene TEMAS is: liefde, haat, vriendskap,verraad, verlies, heldeverering, jaloesie, rassisme, seksisme, materialisme, geloof, oorlog en geweld
- Bestudeer dan die DETAIL van die gedig en kyk of jy kan agterkom hoe die SPREKER SY IDEES OORDRA.
- Bestudeer die gedig STROFE VIR STROFE.
- Skenk aandag aan BEELDSPRAAK EN STYLFIGURE.
- Bestudeer die gedig VERSREËL VIR VERSREËL.
- Bestudeer die SLOT van die gedig.
- Bestudeer die STRUKTUUR van die gedig. Skenk aandag aan die versreëls, strofes en rymskema.
- Gee aandag aan die WOORDKEUSE (diksie). Probeer om die betekenis van woorde binne konteks van die gedig af te lei.
- Skenk aandag aan die POSISIE VAN WOORDE binne ’n versreël of strofe. Skenk ook aandag aan die wyse waarop sekere WOORDE BEKLEMTOON word.
- Bepaal die STEMMING van die gedig? Bepaal die EMOSIONELE GEVOEL wat die spreker probeer om in die gedig oor te dra en watter ATMOSFEER geskep word.
- Som jou gevoel oor die gedig en die digter op.
- Lees die vrae aandagtig en kyk ook wat elke vraag tel.

**Vrae om ‘n tema en boodskap te identifiseer: Drama en roman**

- Is die titel of is die name van karakters openbarend t.o.v. die tema of boodskap?
- Ondergaan die hoofkarakter enige belangrike verandering?
- Maak die outeur of die karakters enige belangrike waarnemings van die lewe, menslike natuur of menslike gedrag?
- Word temas en boodskappe openbaargemaak deur die handelinge, dramatiese aankondigings of persoonlikhede van karakters?
- As karakters teenstrydige waardes openbaar dui aan watter waarde deur die teks van waarde geag word.
- Is daar enige herhalingspatrone of simbole?
- Watter beeld van die gemeenskap word geopenbaar? Hoe word die gemeenskap voorgehou?
- Is karakters in konflik met die gemeenskap?
- As die gemeenskap gebreke toon, hoe manifesteer dit?
- Watter kontrole het karakters oor hul lewens?
- Wat is die moraliteitsaangeleenthede of konflikte in die teks?
- Watter gewaarwording ervaar jy na jy die teks gelees het?
- Met watter gedeelte van die verhaal assosieer die leser hom-/haarself en waar het die assosiasie begin?
- Watter idees word geïmpliseer as die teks in sy geheel beskou word?

**Wenke: Drama en roman**

**Simbole**

- Nie alle tekste maak van simbole gebruik nie en nie elke karakter, insident of objek in ‘n teks het simboliese waarde nie. Die volgende vrae kan help:
- Watter simbole word in die teks genoem?
- Hoe weet jy dit is ‘n simbool?
- Wat doen die skrywer om aan die element simboliese status te gee?
- Is daar bewyse in die teks wat dui op die verstaan en uitbreiding van die simbool?
- Wat beteken die simbool?
- Watter dieper mening kan die simbool hê?
- Hoe ondersteun die simbool die tema en boodskap?

**Intrige en konflik**

- Hoe dra die intrige van die verhaal by tot die versterking/ondersteuning van die boodskap?
- Watter gebeure tydens die intrige is die belangrikste?
- Wat is die werklike konflik in die teks?
- Wat het die konflik veroorsaak?
- Is die konflik innerlik of uiterlik?
- Wat is die klimaks in die teks?
- Hoe word die konflik opgelos en wat is die ontknoping?

## 6. Slot

Die boodskappe en temas van literêre tekste is onderskeibaar in die meeste literêre tekste. Die onderskeid daarvan word altyd eers ten volle verstaan as die literêre kenmerke se invloed of ondersteuning daarvan bestudeer word. Onderrig die literêre kenmerke van die genres op so ‘n wyse dat leerders die lewensles(se) of boodskappe van die genres sal onthou en dit hul ervaringsveld sal verbreed.

## Bibliografie

Department of Basic Education, *Nasionale Kurrikulumverklaring (NKV), Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*, *Afrikaans Huistaal*, Graad 10-12, Government Printing Works, 2011.
Vosloo, R, *Verskuns vir Huistaal, Macmillan South Africa (Pty) Ltd, 2015.*
Scholtz, PW, Vorster, EM, *Op die planke*, Vivlia Publishers & Booksellers (Pty) Ltd, 2015.
Steyn, E, Mihalik, A, *Droomdelwers*, South African Heritage Publishers, 2015.